WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
11 NOVEMBER 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00 (Nagmaal)
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Dr Theo Marais
Kerk 17:30 (Nagmaal)
Ds Ferreira Marais

Eredienste 18 November

Kerk 08:00 & 10:00 (Kerssangdiens)
Ds Kobus Sandenbergh
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Geen agv Kerssangdiens
Kapel 10:00
Geen agv Kerssangdiens
Kerk 17:30 (Kerssangdiens)
Dr Neil du Plessis

SENIORS

Silwerhoekie

Die Silwerhoekie kom eerskomende Dinsdag, 13 November om 10:00 bymekaar in die Koffiewinkel. Ons kom in die Kersfeesstemming deur sang, musiek en voorlesings. Ons luister ook na die musiekkeuse van ons verjaarsdag-vriende. Kobie Allen herinner almal in groep C dat hulle verantwoordelik is vir verversings by die tee en koffie.

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal. **Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).**

Belangrike datums

18 November	Kerssangdiens
19 November	Doopgesprekke
30 November	Verse by Kerse

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel. **Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)**
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00. **Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)**

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom weekliks in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707.

JEUG

Belangrike datums!

2 Desember KIX-fees en afsluiting
(Laat weet asb vir Ilze de Villiers of jy die bg. gaan bywoon of nie)

KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6

KIX KERK kinders in christus kerk

JonkX (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

JONKX

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Ferreira Marais 072 804 0621

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Marie van Aarde 082 399 3494

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging
Die volgende persone sukkel met hulle gesondheid:

- Xander Wentzel, sy nommer is 082 420 9047.
- Juanita Barnard, 082 335 3316.
- Tannie Elizabeth Pütz, 010 596 7323.
- Renske Louw, 083 627 4004.
- Pieter van Rensburg.
- Annetjie Kotze. Haar man, Louis, se nommer is 082 924 4536.
- Gert Coetzee, sy vrou Ferris, se nommer is 082 449 2379.
- Hugh Arnott, 083 379 7325.
- Johan Eloff, 072 387 9337.

Die volgende mense ontvang behandeling:

- Elsa Fautley, haar nommer is 072 599 4499.
- Grizelda du Toit se ma, haar nommer is 072 027 4130.
- Willie Visagie, sy nommer is 082 340 4078.
- Cobie Olivier, haar nommer is 082 888 8377.
- John-Miles Griffiths se ma. Sy nommer is 083 441 0597.

Ander

- Ds Kobus Sandenbergh het 'n operasie ondergaan en sterk tuis aan. Sy nommer is 082 451 1671.
- Alda Boer se swaer is oorlede. Ons innige meegevoel aan die familie. Alda se nommer is 083 261 2700.
- Gené Brits is in die Flora Kliniek. Haar ma, Renette se nommer is 083 232 5837.
- Riaan Smit se broer is oorlede. Innige simpatie aan die familie. Riaan se nommer is 082 643 1749.
- Johan Greyling is in die Flora Kliniek. Sy vrou Karen se nommer is 082 908 7184.
- Frans Swanepoel het 'n heupvervanging ondergaan. Sy nommer is 083 957 4436.
- Madelize Fourie se pa is oorlede. Innige simpatie aan die familie. Madelize se nommer is 082 928 1735.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

www.GetSnapScan.com

ng kerk weltevreden

Snapscan

Gebruik SnapScan vir:
- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

Baie dankie aan almal wat reeds 'n bydrae gemaak het vir die Dankfees, ons waardeer dit opreg! Ons staan tans op ***R131 550****.*

Ons nooi jou uit om hierdie maand jou tiende te gee uit dankbaarheid – merk asseblief duidelik ***"DANKFEES****".*

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Dagboek!

Dagboek solank die volgende belangrike datums:

18 November	**Kerssangdiens**
30 November	**Verse by Kerse**

Pakkies van Hoop

Dis weer tyd vir ons jaarlikse kersprojek waar ons graag die minderbevoorregtes in ons gemeenskap ook so 'n klein bietjie wil bederf tydens Kersfees. Hierdie jaar wil ons vra dat julle vir ons **pakkies koekies en aanmaak koeldrank (SweetO, Oros, ens.)** sal skenk wat ons dan as 'n ekstra bederf by die huidige kospakkies kan sit. Jy is welkom om jou "geskenkies" onder die kersboom in die kerk te sit of dit by die kerkkantoor af te gee tussen 08:00 en 13:00 gedurende die week.

Ons is steeds op soek na 2de handse selfone vir minderbevoorregte werksoekers in ons gemeenskap. Dit vergemaklik die taak om werk te soek en ook vir potensiele werknemers om hulle te kan kontak. Indien jy 'n selfoon het wat jy nie gebruik nie en dis nog in werkende toestand, gee dit asb by die kerkkantoor af, gemerk vir Alda Boer se aandag.

Baie dankie aan almal wat gereeld kos items skenk of fondse inbetaal vir die koop van kos vir ons kospakkies. Dit maak 'n groot verskil in ons gemeenskap en ons waardeer dit baie!

Ons het ‘n verkeidenheid **borde en skinkborde** van gemeentelede wat na funksies hier vergeet is. Kom kyk asb in die kombuis indien jy iets vermis!

Dan is daar ook **horlosies, Bybels en ander verlore goedere** wat tydens eredienste agtergelaat is. Kom maak gerus ‘n draai by die kerkkantoor om jou verlore items op te eis!

GEMEENTEBRIEF - Oktober 2018

Skielik is dit November! Die jakaranda wat so mooi voor my voordeur blom, herinner my dat dit eksamentyd is vir baie studente en leerders. ’n Uitdagende tyd van rekenskap gee. Vir die wat nie eksamen skryf nie, is daar druk om projekte klaar te maak en af te sluit. Die druk maak almal gespanne en krapperig en dan kan die kleinste dingetjie mense ontstel. Daarom is November ’n moeilike maand, maar ook ’n maand met die vooruitsig van Desember wat vir die meeste mense vakansie en uitspan beteken.

Die gespanne verwagting is deel van ons Kerstyd; die eeuelange verwagting dat die Messias sou kom, die EEN wat herstel en hoop sal bring. In November vier ons die uitsien na Kersfees met ons Kerssangdiens. Hierdie jaar se tema is: *Terug na Bethlehem*! Dit word gevolg deur *Verse by Kerse* aan die einde van November. Kom deel in die verwagting! Kom sing saam en laat die boodskap dat Jesus die Immanuel God is, die Here by ons, ook in ons druk van elke dag vir ons krag gee.

Ons kry nuwe bure. Op die erf langs die kerk is ’n SPARK-skool in aanbou. Dit is nie die gemeente se skool nie, maar ’n privaat laerskool wat afsonderlik bedryf gaan word. Ons gaan probeer om goeie buurskap te beoefen en kyk op watter wyses ons kan saamwerk, want opleiding en onderwys is ’n baie positiewe manier om te lewe vir die stad.

Intussen is die leierspan besig met beplanning vir 2019. Die kalender, begroting en gemeentelewe word DV beplan. Ons leef in ’n uitdagende tyd, maar dit is die tyd en die plek waar die Here ons geroep het om te wees. Dit is hier waar ons met gespanne verwagting leef uit die Here se voorsiening; ons lidmate met hul gawes, en geleenthede om Sy liefde sigbaar te maak. Mag jy in staat wees om die druk van November te hanteer in die wete dat die Here naby is. Naby om te help en te ondersteun, maar ook naby om voor Hom te buig en Hom te aanbid.

Kobus Sandenbergh